# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (11/12)

*Justin Chadwick (23 Maart 2012)*

*LAAT JOU DINK "You can observe a lot by just watching" Yogi Berra*

## UITVOERVOLUME SKATTING 2012

Die Sitrusbemarkingsforum het die skatting bevestig wat deur die produsente se variëteitsfokusgroepe voorberei is met 'n verwagting dat die 100 miljoen karton mark bereik gaan word (skatting is 103 miljoen 15 Kg kartonne – wat insluit Swaziland, Mosambiek en Zimbabwe). Hierdie skatting verwys na kartonne wat gepak en vir uitvoer in 2012 goedgekeur is. Dit is 4% meer as die verminderde oes van 2011 en soortgelyk aan die rekord-oes wat in 2010 behaal is.

**Sagte Sitrus [syfers in 15 kilogram karton ekwivalente]**

**Satsumas** se skatting vir 2012 is 1.9 miljoen kartonne, 14% hoër as 2011 se 1.7 miljoen kartonne, maar amper in die kol met 2010 se volume wat gepak is. Die mees beduidende verskille is van die Oos-Kaap streke waar beskikbaarheid van water en vriendelike klimaatstoestande tot herstel gelei het. **Clementines** se volumes word beraam om effens van 2.5 na 2.6 miljoen kartonne te verhoog ('n 3% toename) – weereens weens groter volumes vanaf die Oos-Kaap maar daar is ook toenames in die Wes-Kaap – met Boland wat 'n afname toon. **Mandaryne** se volumes vir 2012 word op 3.1 miljoen kartonne geskat, op vanaf 2.7 miljoen in 2011 – 'n 15% toename. Die sagte sitrus fokusgroep het weereens 'n addisionele ontleding van mandaryne se volumes gedoen – met die 3.1 miljoen wat in novas (1 miljoen), laat mandaryne (1.7 miljoen) en ander (350 000 kartonne) verdeel is. Meeste van die verhoogde volume is van die Nelspruit-streek. Dit lei tot 'n totale sagte sitrus uitvoervolume vir 2012 van 7.6 miljoen kartonne, 10% meer as die 6.9 miljoen karton volume van 2011.

**Pomelo's [syfers in 17 kilogram karton ekwivalente]**

Al die pomelo volumes is in 17 kilogram ekwivalente, aangesien dit meer geredelik deur die handel erken word. Hierdie jaar gaan die totale suider-Afrika se volumes bespreek word (insluitend Swaziland en Zimbabwe). Daar word beraam dat **rooi pomelo's** 11.7 miljoen kartonne kan behaal, af met 2% op 2011 se groot oes van 12.2 miljoen kartonne. Daar word verwag dat 25% van die oes van kleiner groottes sal wees terwyl 32% groter sal wees - menende dat die groottes aan die mark se behoeftes behoort te voldoen. **Wit pomelo's** toon 'n afname (1.7 miljoen in 2012 teenoor die 1.9 miljoen kartonne in 2011). **Totale pomelo** volumes word op 13.4 miljoen kartonne geskat, 'n 6% afname van die 14.3 milljoen wat vir uitvoer in 2011 gepak is.

**Suurlemoene [syfers in 15 kilogram karton ekwivalente]**

Suurlemoene se volumes word gereken om 3% meer te wees as 2011 se finale syfer van wat gepak en vir uitvoer goedgekeur is - 2012 se skatting is 11.1 miljoen kartonne; 2011 se werklike syfer was 10.8 miljoen kartonne. Senwes-streek (Groblersdal /Marble Hall area) het herstel van die hael en is terug na 'n normale oes (36% meer as 2011) – dit is verantwoordelik vir die meeste van die styging. Hierdie jaar het die suurlemoenfokusgroep ook daarna gekyk om die skatting te verdeel in vroeg (voor einde van week 18), mid (weke 19 tot 34) en laat (na week 34). Vroeë suurlemoenvolumes sal laer wees (2011 2 miljoen, 2012 1.8 miljoen), mid suurlemoene amper dieselfde as in 2011 (8.2 miljoen) en die laat seisoen baie hoër as 2011 (2011 0.6 miljoen, 2012 1.1 miljoen).

**Nawels [syfers in 15 kilogram karton ekwivalente]**

Die nawels se skatting is baie naby aan die oes wat in 2010 behaal is, sowat 8% hoër as 2011 se syfer van wat gepak is (2012 – 22.9 miljoen; 2011 – 21.2 miljoen; 2010 – 22.9 miljoen). Meeste van die styging is te danke aan die Senwes-streek wat na normaal terugkeer en 'n groter oes vanuit die Wes-Kaap. Die verspreiding tussen vroeg, laat en Cara Cara nawels in 2012 is 17.1 miljoen, 5 miljoen en 719 000 kartonne in vergelyking met 2011 se 15.5 miljjoen, 4.9 miljoen en 721 000 kartonne. Soos verwag is die toename die hoogste in vroeë nawels weens die herstel van Senwes.

**Valencias [syfers in 15 kilogram karton ekwivalente]**

Valencia fokusgroep voorspel 'n toename van 4% (2011 44.2 miljoen, 2012 46.1 miljoen); maar nie tot die rekord 2010 vlak (48.3 miljoen) nie. Produsente voel dat daar tot soveel as 4 miljoen kartonne van uitvoergehalte was wat in 2011 teruggehou is weens die swak bemarkingstoestande.

**Totale Skatting vir 2011 [syfers in 15 kilogram karton ekwivalente]**

Ten einde 'n totale skatting van die volumes vir gepak en goedgekeur vir uitvoer te kry, is pomelo volumes na 15 kilogram ekwivalente omgeskakel.

| | Werklike 2009 | Werklike 2010 | Werklike 2011 | Skatting 2012 |
|---|---|---|---|---|
| **Pomelo's** | 15 m | 13.4 m | 16.2 m | 15.2 m |
| **Sagte Sitrus** | 6.8 m | 7.5 m | 6.9 m | 7.6 m |
| **Suurlemoene** | 8.6 m | 9.6 m | 10.8 m | 11.1 m |
| **Nawels** | 19.4 m | 22.9 m | 21.2 m | 22.9 m |
| **Valencia** | 38.4 m | 48.3 m | 44.2 m | 46.1 m |
| **Totaal** | 88.2 m | 101.7 m | 99.3 m | 102.9 m |

**NEEM ASB KENNIS DAT DIT NOU 'N TOTAAL VIR SUIDER AFRIKA IS (INSLUITEND SWAZILAND, ZIMBABWE EN MOSAMBIEK).**

## SUID-KOREA

Dit lyk amper seker dat die Suid-Koreaane die invoer van pomelo's en suurlemoene van Suid-Afrika in 2012 gaan goedkeur. Die voorgestelde protokol is dieselfde as vir soet lemoene. Die Koreaanse owerhede vereis 'n lys van produsente (PUCs) wat moontlik vrugte gaan lewer. In die belang van die verskaffing van sodanige inligting aan Seoul, so vinnig as moontlik, moet belangstellende produsente teen Woensdag 28ste Maart 2012 reageer. Die benadering is as volg: As jy pomelo's of suurlemoene in 2012 wil uitvoer, e-pos jou PUC aan Patrick by DAFF patrickmag@nda.agric.za **en** Elma by CRI ec@cri.co.za.

**PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM AKTIWITEITE VAN CGA, CRI EN CITRUS ACADEMY TE BEFONDS. VERSEKER SO 'N GLOBALE MEDEDINGENDE SUIDER-AFRIKAANSE SITRUSBEDRYF**